

(https://nmh.my.na/advert/track/2167/8380500



(https://nmh.my.na/advert/track/2251/18353047/)





ADVERTENSIES



(https://nmh.my.na/advert/track/2098/18830196/)



(https://nmh.my.na/advert/track/2352/45753983/)



(https://cdn.nmh.com.na:2083/S3Server/republikein/uploads/images/2023/12/19/259172.jpg)

OMGEWING (/OMGEWING)

# TANZANIËR VAN HANDEL IN PLANTE AANGEKLA

## Drie Namibiërs is medebeskuldigdes

**Owerhede het die afgelope twee jaar beslag gelê op 666 inheemse plante wat gestroop is.**

**Tanja Bause**

3 WEKE GELEDE - 2023-12-20 00:00:00

Ellanie Smit - 'n Tanzaniese burger wat glo 'n meesterbrein in die handel van plante is en haar drie Namibiese medebeskuldigdes verskyn Donderdag in die Opuwo-landdroshof vir die onwettige oes van Olifantvoet.

Die 29-jarige Diana Mushiku van Tanzanië, Veisiruaije Tjavara (25), Jenniter Simataa (37) en Tjivinda Unatavi (31) is tussen 21 Oktober en 10 November in Okondjombu in die Puros-omgewing in die Kunenestreek in hegtenis geneem met 46 Adenia pechuelii-plante, beter bekend as Olifantvoet, wat hulle na bewering sonder 'n permit geoes het.

Die vier het op 13 November hul eerste hofverskyning gemaak, maar 'n borgtogverhoor het nie plaasgevind nie en die saak is uitgestel. Die woordvoerder van die ministerie van omgewing, bosbou en toerisme Romeo Muyunda, sê die saak is deel

VANDAG SE
KOERANT

Voor 12:00, slegs
vir intekenare




(https://www.republikein.com.na/flipper)




(https://nmh.my.na/advert/track/2353/88026952/)




(https://nmh.my.na/advert/track/2217/59210938/)

36° Keetmanshoop: 16° | 35° Aranos: 22° | 36° Lüderitz: 15° | 28° Ariamsvlei: 18° | 35° Oranjemund: 17° | 24° Luanda: 25° | 27° Gaborone: 20° | 32° Lubumbashi: 16° | 23° Mbabane: 19° | 28° Maseru: 15° | 29° Antananarivo:

van ‘n stygende neiging van georganiseerde misdaadsindikate wat plaaslike inwoners gebruik om Namibië se unieke plantspesies onwettig te oes.

“Die geval is een van vele waar internasionale stropersindikate Namibiese mense gebruik om plaaslike gemeenskapslede te oorreed om die plante teen ‘n klein fooi te vind en te oes,” het hy gesê.

Muyunda sê die plante word dan oor internasionale grense gesmokkel om vir aansienlike bedrae geld aan plantversamelaars verkoop te word. Volgens hom het owerhede die afgelope twee jaar beslag gelê op 666 inheemse plante, uitgesluit onwettige hout wat gestroop is, in hul poging om die nuwe vlaag natuurmisdade te beveg.

“‘n Verstommende 430 van die gekonfiskeerde plante was Olifantvoet wat tot 16 kriminele sake en die arrestasie van 37 verdagtes gelei het.”

Muyunda het gesê die meeste van hierdie inhegtenisnemings was die gevolg van intelligensie-geleide ondersoeke onder leiding van die Blou Renoster-taakspan, wat bestaan uit verskeie takke van die polisie wat saam met die departement se ondersoekeenheid werk.

“Ek wil graag die gemeenskapslede van die Khorixas-, Sesfontein-, Puros- en Okondjombo-gebied waar hierdie beskermde plantspesies onwettig geoes word, aanmoedig om enige verdagte beweging in hul gebied by die owerhede aan te meld,” het die hoof van die misdaadondersoekafdeling van die Kunenestreek, adjunkkommissaris Paavo Iiyambo gesê.

Muyunda het gesê die misdadigers is in baie gevalle buitelanders wat Namibiërs gebruik om die stropery en smokkel met groot persoonlike risiko uit te voer.

“Die aanhouding van Mashiku is dus ‘n groot deurbraak vir Namibiese owerhede wat daarop gemik is om georganiseerde misdaadsindikate te ontwrig.”

Mashiku is aangekla vir die oortreding van die wet op die voorkoming van georganiseerde misdaad (POCA) en die bosbouwet. Oortreding van POCA dra swaar vonnisse van boetes tot N$1 miljard en tot 100 jaar tronkstraf, of albei.

Haar Namibiese medebeskuldigdes is aangekla van die oortreding van die bosbouwet, wat tot boetes van N$8 000 of twee jaar tronkstraf, of albei kan lei.


Volgens Myunda is die nuwe bedreiging ná langdurige droogtetydperke iets wat gemeenskappe in die Kunene nie kan hanteer nie.

“Uit desperaatheid het sommige gemeenskapslede die risiko aanvaar om die onwettige oes en vervoer van plante te onderneem in ruil vir die kleingeld wat deur die misdaadsindikate aangebied word.”


OLIFANTVOET

Die toekoms van die stadiggroeiende Olifantvoet bly in die weegskaal.

“Hierdie vreemd-gevormde dwergboom verdien sy naam deur amper so wyd te groei as wat hy hoog is. Dit kom net in rotsagtige gebiede van noordwestelike Namibië en suidwestelike Angola voor.”



(https://nmh.my.na/advert/track/2349/25003327/)



(https://nmh.my.na/advert/track/2341/79175550/)



(https://zone.my.na/)



(https://fliphtml5.com/bookcase/wfyw)

Jou advertensie
Kliek om uit te vind hoe om hier te adverteer
(https://www.republikein.com.na/contact?section=advertise)

36° Keetmanshoop: 16° | 35° Aranos: 22° | 30° Lüderitz: 15° | 28° Ariamsvlei: 18° | 35° Oranjemund: 17° | 24° Luanda: 25° | 27° Gaborone: 20° | 32° Lubumbashi: 16° | 23° Mbabane: 19° | 28° Maseru: 15° | 29° Antananarivo: